

1 September

Skrifgedeelte: Matteus 10:16-25
Fokusgedeelte: Matteus 10:16

Pasop dat hulle nie slegte getuienis ontvang nie – Belangrike wysheid!

Die bediening van versoening word aan elke gelowige toevertrou (2 Kor. 5:18). Kop vir kop is ons deel van die koninklike priesterdom wat die verlossingsdade van Hom wat ons uit die duisternis na sy wonderbare lig geroep het, verkondig (1 Pet. 2:9) en met ons lewenswandel bekragtig (1 Pet. 2:12). Dit maak elkeen van ons 'n gestuurde. Sy liefde dring ons om te "gaan".

In hierdie gedeelte toon Jesus aan hoedanig ons optrede as sy gestuurdes moet wees:

- Eerstens soos skape tussen wolwe in. 'n Skaap wat die terrein van die wolwe betree, is uiters kwesbaar en verkeer eintlik in lewensgevaar. Jesus spel die werklikheid van hierdie gevaar ondubbelsinnig uit. Om te huiwer en selfs vreesbevange te wees, is dus nie misplaas nie, maar dit verseker algehele afhanklikheid aan Hom wat stuur. Wie vanweë vrees nie gaan nie, bedroef Hom wat stuur en wie uit eie krag en bravade wel gaan, is dwaas.
- Juis daarom versigtig soos slange. Die slang is die verpersoonliking van intellektuele skerpsinnigheid of skrandigheid. Wie versigtig soos 'n slang is, het insig in sy omstandighede en doen die regte ding op die regte tyd en die regte plek en op die regte manier. In so 'n persoon se hart is daar 'n ernstige poging om ten spyte van sy eie ingesteldheid en vooroordeel met die regte werkswyse die hoogste doelwit te bereik (vgl. 1 Kor. 9:22b).
- Maar dan ook opreg soos 'n duif. Die duif is simbool van Israel, of van wat Israel moet wees: geduldig, onderdanig en getrou. Die oorspronklike woord beteken eintlik om onvermeng te wees. Dit wil sê: suiwer, rein, opreg. Vrees vir die wolwe mag nie lei tot 'n kompromie met sy sondige aard nie (Fil. 2:15). Die gelowige se integriteit moet dus altyd bo alle verdenking wees. Die wolwe van hierdie wêreld weeg juis ons woorde aan ons dade.

Bid elke dag vir die vrymoedigheid om te getuig en vir die wysheid om tegelyk slang en duif te wees.

Sing: Psalm 66:6, 7 (1936)

Ds. D Pansegrouw (Hoëveld)